

# Bulletin

Amptelike nuusbrieff van die Munisipaliteit Overstrand

## KAPITAALINVESTERING IN OVERSTRAND

# Groot projekte op lopende jaar se agenda

In die 2025/26-boekjaar gaan Munisipaliteit Overstrand R258,3 miljoen bestee aan, onder andere, die opgradering en verbetering van infrastruktuur in die munisipale gebied. In soverre groot projekte betref wat daarop afgestem is om ons gemeenskappe te ontwikkel, dienslewering te verbeter en langtermyn groei in die hand te werk, kan inwoners en sakeondernemings die volgende te wagte wees.

## Oorsigtelike beskouing van projekte

Ter voortbouing op die munisipaliteit se verbondenheid tot gemeenskapswelstand en jeugontwikkeling is 'n totaal van R33,9 miljoen (saamgestel uit beide eie fondse en eksterne bydraes) toegewys vir **sport- en ontspanningsprojekte**.

Hierby ingesluit is die R12,2-miljoen-opgradering van die Mount Pleasant-sportvelde, die R10,6-miljoen-opgradering van die Hawston-sportkompleks en die R8,8-miljoen-opgradering van Kleinmond se sportfasiliteite. 'n Verdere een miljoen sal aangewend word Kleinmond se sleepheining op te gradeer.

Ten opsigte van **elektrisiteitsinfrastruktuur** gaan meer as R60 miljoen bestee word waarvan nagenoeg R10 miljoen aangewend sal word om die nuwe 66 kV/11 kV-substasie in Hermanus te beplan en op te rig. Ander groot projekte sluit in opgraderings van MS/LS-netwerke in Gansbaai, Stanford, Hermanus, Hawston en Kleinmond.

Een-en-negentig-miljoen rand is toegewys vir **water- en rioleringsinfrastruktuur**, waarvan R30,4 miljoen toegewys is vir die opgradering en opknapping van die Buffelsrivier-waterbehandelingsaanleg, R12,7 miljoen vir die vervanging van verouderende waterpype oral in die munisipale gebied en R7 miljoen vir 'n nuwe ontsmettingstelsel by die Preekstoel-afvalwateraanleg.

### Ander groot projekte sluit opgradering van die volgende in:

- pompstasies en stygleidings (R13 miljoen),
- die Preekstoel-waterbehandelingsaanleg en Hermanus-boorgate (> R6 miljoen),
- ontsmettingstelsels by afvalwateraanlegte (R6 miljoen), en
- Pearly Beach se waterstelsel (R4,2 miljoen).





**Behuisingsprojekte** gaan baat by 'n R24,5-miljoen- provinsiale toekenning vir laekostebehuisingsdienste wat beter lewensomstandighede vir kwalifiserende inwoners moontlik sal maak.

'n Totaal van R17,4 miljoen is toegewys vir **paaië**, met R11,4 miljoen wat spesifiek afgestem is op padverwante inisiatiewe waarby voertuie ingesluit word. In die besonder gaan R6 miljoen komende uit toekenningsbefondsing aangewend word om paaië en die stormwaterstelsel in Zwelihle te rehabiliteer.

Fondse wat vir **afvalbestuur** toegewys is, gaan meestal aangewend word om vullisterreine en oorlaaistassies op te gradeer, met inbegrip van die Gansbaai-weegbrug (R840 000) en die grensmuur by die Hermanus-oorlaaistassie (R3,3 miljoen). 'n Verdere R800 000 is geoormerk vir verbeterings aan die aflaaifasiliteite in Hawston (R600 000) en Pringlebaai (R200 000).

Ter ondersteuning van verbeterde dienslewering en die veilige en doeltreffende instandhouding van infrastruktuur is 'n totaal van R24,150 miljoen toegewys om Munisipaliteit Overstrand se **vloot** uit te brei.

Dit sal aangewend word om die volgende aan te koop:

			
2 X VULLISPERSE	1 X BRANDWEERWA	3 X LAAIGRAWE 3 X WIPBAKVRAG- MOTORS	2 X HIDROULIESE HYSKRANE
R6 miljoen	R3,5 miljoen	R8,25 miljoen	R6,4 miljoen

Alhoewel die munisipaliteit se boekjaar op 1 Julie 2025 begin en op 30 Junie 2026 eindig, word alle beplande projekte onder die 2025/26 - 2027/28-kapitaalbegroting gelys. Vir volledige besonderhede gaan na [www.overstrand.gov.za](http://www.overstrand.gov.za) >

Documents > Budget.





# BEGROTING VIR DIE 2025/26-BOEKJAAR

## BEGROTINGSOORSIG



**Bedryfsinkomste** (kapitaaltoekennings uitgesluit):

**R2,018 miljard**



• **Bedryfsbesteding:**  
**R2,112 miljard**



• **Rekeningkundige tekort:**  
**R94 miljoen**



**Kapitaalbegroting:**  
**R258,3 miljoen**



## KAPITAALBEFONDSINGSBRONNE (Totaal: R258,3 miljoen)

- **Eie fondse (oorskot): R50,5 miljoen (19,5%)**  
Fondse intern gegenereer
- **Lenings: R106,3 miljoen (41,2%)**  
Sluit hernuwing van vorige lenings vir kapitaalinfrastruktuur in
- **Kapitaaltoekennings: R101,5 miljoen**  
Nasionale regering: R76,2 miljoen (R29,5%)  
– **Toekenning vir munisipale infrastruktuur (MIG), nasionale geïntegreerde elektrifiseringsprogram (INEP), waterinfrastruktuur**  
Provinsiale regering: R25,3 miljoen (9,8%)  
– **Behuising, projekte wat onder die program vir streeks- sosio-ekonomiese ontwikkeling (RSEP) ressorteer**



## VERHOIGINGS IN EIENDOMSBELASTING & TARIWE (geldig vanaf 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2026)

### Eiendomsbelasting



**9,7%**

(sent in die rand)

### Water



**6,2%**

### Riolering



**6%**

### Afvalverwydering



**6%**

### Elektrisiteit



**9,96%**

(gegrond op koste van voorsiening, onderworpe aan finale goedkeuring deur NERSA)

### Diverse tariewe



**6%**



## Illustratiewe impak van 9,7%-verhoging in eiendomsbelasting vergeleke met vorige jaar

**Residensiële**  
**Waardasie: R3,5 miljoen**  
**R101,43**   
**= R1 147,24 p.m.**  
(vorige jaar: R1 045,81)

**Residensiële**  
**Waardasie: R1 miljoen**  
**R27,93**   
**= R315,91 p.m.**  
(vorige jaar: R287,98)

**Sakeonderneming**  
**Waardasie: R3,2 miljoen**  
**R205,87**   
**= R2 327,73 p.m.**  
(vorige jaar: R2 121,87)

**Onbeboude erf**  
**Waardasie: R3,5 miljoen**  
**R193,08**   
**= R2 182,25 p.m.**  
(vorige jaar: R1 989,17)

## DEERNISHULP & VERLIGTING VAN MAATSKAPLIKE NOOD

### GRATIS GESUBSIDIEERDE BASIESE DIENSTE VIR SORGBEHOEWENDE HUISHOUDINGS

- **Elektrisiteit 70 kWh gratis**
- **Riolering 7 kiloliter gratis**
- **Water 10 kiloliter gratis**
- **Afvalverwydering 100%-subsidie**

Deur gratis/gesubsidieerde noodsaaklike basiese dienste tot die beskikking van sorgbehoewende (lae-inkomste-) huishoudings te stel, is Munisipaliteit Overstrand se voorneme om te verseker dat 'n ieder en 'n elk hul waardigheid kan behou en in staat is om na die basiese behoeftes van hul afhanklikes om te sien.

Enige huishouding met 'n totale maandelikse inkomste van minder as vier keer SASSA se ouderdomspensioen + R1 (gelykstaande aan min of meer R9 321 p.m.) kan om deernishulp aansoek doen.

### AANGEPASTE EIENDOMSWAARDASIES EN KORTINGS OP EIENDOMSBELASTING

- In die geval van ontwikkelde residensiële eiendomme sal die waardasie van daardie eiendom eers met **R15 000 plus 'n addisionele R35 000** verlaag word voordat die sent-in-die-rand-beginsel toegepas word om te bepaal hoeveel eiendomsbelasting betaalbaar is. Hierbenewens sal 20% op die betaalbare bedrag as 'n korting toegestaan word, op voorwaarde dat die eiendom uitsluitlik vir woon- (residensiële) doeleindes gebruik word.

Ter illustrasie, as die eiendom se waarde R1,5 miljoen is, sal die berekening as volg daar uitsien:  $R1\ 500\ 000 - R15\ 000 - R35\ 000 = R1\ 450\ 000 \times 0,004988 = R7\ 232,60 \times 80\% = R5\ 786,08$  per jaar

Let daarop dat *bona fide*-boere, eienaars van geregistreerde bed-en-ontbyt-ondernemings en gastehuse sowel as afgetrede en gestremde eiendomseienaars aansoek om kortings kan doen, onderworpe aan sekere voorwaardes soos op bladsy 4 uiteengesit.

### Toewysing van kapitaalbegroting (= R258,3 m)

- Waterinfrastruktuur R63,7 miljoen
- Elektriesiteitsinfrastruktuur R60,2 miljoen
- Afvalwaterbestuur R34,6 miljoen
- Afvalbestuur R4,9 miljoen
- Behuising R24,5 miljoen
- Sport en ontspanning R33,9 miljoen
- Ander projekte R36,5 miljoen

### Beduidende koste-aandrywers

- **Vergoeding van werknemers en raadslede:**  
= R632,8 m (29,9%) van bedryfsbegroting  
– aangedryf deur salarisoorreënkomste wat nasionaal beding word
- **Elektrisiteit (grootmaataankope):**  
= 26,32% van bedryfsbegroting – aangedryf deur Eskom se prysverhoging van 11,32%

### Uitgawes: Doeltreffendheidsfokusareas

Munisipaliteit Overstrand beoog om:

- kostedoeltreffendheid ten opsigte van dienslewering te verbeter deur, byvoorbeeld, suigtenks op te gradeer;
- oortyd en personeelverwante koste in toom te hou;
- doeltreffende beheermaatreëls met betrekking tot gekontrakteerde dienste en vlootbestuur toe te pas; en om
- besteding wat langtermynbates sal verbeter, te prioriteer

### OOK NOEMENS- WAARDIG

- **Omgeeprojekte:** Soos in die verlede sal R50 000 per raadslid vir gemeenskapsinisiatiewe toegewys word.
- **Wyktoewysings:** 'n Totaal van **R378 571** sal aan elke wyk vir wykspesifieke projekte toegewys word ooreenkomstig die prioriteite wat in die geïntegreerde ontwikkelingsplan geïdentifiseer is.



Sê totsiens vir plastiek

www.overstrand.gov.za

A2





# Só help ons jou om jou elektrisiteitsrekening in toom te hou



Aangesien NERSA jaar na jaar instem tot Eskom se aandrang op hoër tariewe, het Munisipaliteit Overstrand nie 'n ander keuse as om elke jaar ook sy tariewe te verhoog nie. Desondanks, aangesien ons daartoe verbind is om dienste so billik en kostedoeltreffend as moontlik te lewer, het die Raad daartoe ingestem om die nuwe koste-van-voorsiening-tariefstruktuur oor 'n tydperk van vier jaar te implementeer, en in 2025/26 betree ons die tweede implementeringsjaar.

In ooreenstemming met die nasionale voorskrifte vir die billike herwinning van koste wat met die verkoop van elektrisiteit aan verbruikers namens Eskom verband hou, moet alle verbruikers binne Overstrand se elektrisiteitsvoorsieningsgebied 'n basiese maandelikse heffing (EB) en 'n maandelikse kapasiteitsheffing (EC) betaal. Uiteraard moet hulle ook betaal vir die krag (gemeet in kWh) wat in die loop van 'n enkele maand verbruik is. Dit is hier waar die trapsgewys stygende bloktariefstelsel inskop.

## KOM ONS GESELS OOR TRAPSGEWYS STYGENDE BLOKTARIEWE

Dis inderwaarheid heel eenvoudig: Hoe meer elektrisiteit jy in 'n enkele maand verbruik, hoe duurder word dit.

- Die eerste 350 kWh (Blok 1) wat gebruik word, word teen die laagste tarief gehef. Namate gebruik styg, skuif die tarief outomaties aan na Blok 2 (van 351-600 kWh) en dan na Blok 3 (bó 600 kWh), telkens teen hoër tariewe.
- Aan die begin van elke nuwe maand, word die stelsel outomaties teruggestel na Blok 1.

*Van belang hier is om daarop te let dat koopkragkliënte 10c minder per eenheid betaal as diegene met kredietmeters wanneer daar van Blok 1 na die volgende blok(ke) aangeskuif word, en hulle het boonop die opsie om die grootte van hul aansluiting te verklein.*

## WENK VIR KOOPKRAKGLIËNTE

- Moenie in grootmaat koop nie.
- Deur meer te koop as wat jy vir die maand nodig het, kan jou dalk tot in 'n hoër blok druk.

## KOM ONS GESELS OOR AANSLUITINGSGROOTTES

Residensiële kliënte met 'n enkel- of driefase-koopkrag aansluiting kan kies tussen 'n 30-, 40-, 50- of 60-ampère-aansluiting. Kommersiële kliënte kan ook kies om die grootte van hul aansluiting te verander, maar moet altyd in gedagte hou dat hoe hoër die ampère, hoe meer die toestelle wat gelyktydig gebruik kan word, maar ook hoe hoër die heffing.

Kortom, dis eintlik ook heel eenvoudig: Hoe minder ons lewer, hoe minder betaal jy.

- Neem kennis dat deernishulp huishoudings en kliënte wat in laekostebehoudingsgebiede woon, nie die opsie het om die grootte van hul aansluitings te verander nie. Dieselfde uitsluiting geld onbeboude erwe.
- In gevalle waar kleinskaalse gekoppelde opwekking betrokke is, moet kliënte wat die grootte van hul aansluitings wil verander, eers die elektrisiteitsafdeling raadpleeg.

Dit is te verstane dat om oor die gepaste aansluitingsgrootte vir 'n huishouding of sakeonderneming te besluit, 'n gedugte taak kan wees. Vir hulp in hierdie verband, verwys na die "Electrical Services: How-to Guide" beskikbaar op [www.overstrand.gov.za](http://www.overstrand.gov.za) onder Documents > Electricity.

Let ook daarop dat Munisipaliteit Overstrand meer as gewillig is om enigeen by te staan wat hulp nodig het om van 'n kredietmeter na koopkrag oor te skakel. Kontak gerus jou naaste munisipale kantoor in hierdie verband.

## KOM ONS GESELS NOU OOR WAAROM DIT RAADSAAM IS OM VAN KREDIETMETERS NA KOOPKRAK TE VERANDER

Soos verduidelik, is residensiële kliënte met 'n **enkelfase-, koopkrag aansluiting** ongetwyfeld in 'n gunstiger posisie: Hulle het nie net die opsie om 'n kleiner aansluiting te kies nie, maar betaal ook 10c per eenheid minder wanneer van een trapsgewys stygende blok na die volgende aangeskuif word.

*Kyk vergelykenderwys na die 2025/2026-syfers (BTW uitgesluit) soos in die tabel hier onder aangebied:*

ELEKTRISITEIT: ENKEL FASE (residensiële)			
Koopakrag		Kredietmeter	
Basies	R413,97	Basies	R413,97
<i>Illustratiewe aansluitingsgrootte</i>		<i>Aansluitingsgrootte</i>	
30 amp	R164,40	60 amp	R328,80
40 amp	R219,20		
50 amp	R274,00		
60 amp	R328,80		
<i>Illustratiewe verbruik</i>		<i>Illustratiewe verbruik</i>	
0 - 350 kWh	R2,24	0 - 350 kWh	R2,33
351 - 600 kWh	R2,78	351 - 600 kWh	R2,88
> 600 kWh	R3,18	> 600 kWh	R3,27

## WAAK TEEN AGTERSTALLIGE REKENINGE

In gevalle waar koopkragkliënte se rekeninge agterstallig raak omdat hulle nie die basiese en kapasiteitsheffings betaal het wat elke maand verskuldig is nie, sal 60% van die bedrag wat betaal word wanneer hulle 'n volgende keer elektrisiteit koop, aangewend word om die agterstallige bedrag op hul rekening te verminder.

- Dit kom doodeenvoudig daarop neer dat hulle minder eenhede sal kan koop as wat hulle van plan was om te doen.
- Hierdie skuldinvorderingsmetode (**aangetoon as ELECT AUX op koopbewyse**) is al vir baie jare ingebruik.
- As jy sukkel om jou finansiële verpligtinge na te kom, moenie ophou om te betaal nie. Praat asseblief eers met ons.
- Afbetalings kan gereël word en, as jy aan sekere kriteria voldoen, kan jy dalk selfs vir deernishulp kwalifiseer wat beteken dat jy vir 'n subsidie kan kwalifiseer wat sal help om die maandelikse basiese en kapasiteitsheffings te dek.

# KWALIFISEER JY VIR 'N KORTING OP EIENDOMSBELASTING? DOEN NOU AANSOEK!

Ingevolge Munisipaliteit Overstrand se beleid oor eiendomsbelasting kan

- eienaars van geregistreerde bed-en-ontbyt-ondernemings en gaste huise,
- bona fide-boere sowel as
- afgetrede en gestremde eiendomseienaars, onderworpe aan sekere voorwaardes, aansoek om 'n korting op eiendomsbelasting doen.

As jy onder een van hierdie kwalifiserende kategorieë ressorteer, sorg dat jy jou aansoek so gou as moontlik indien maar beslis nie later nie as **30 September 2025**.

Die tersaaklike aansoekvorms is beskikbaar by alle munisipale kantore en kan ook afgelaai word van munisipaliteit Overstrand se webtuiste: [www.overstrand.gov.za](http://www.overstrand.gov.za) > Documents > Forms.

Voltooi die aansoekvorms, tesame met die gespesifiseerde ondersteunende dokumentasie wat jou aansoek moet vergesel, kan of per e-pos gestuur word na [enquiries@overstrand.gov.za](mailto:enquiries@overstrand.gov.za) of by jou naaste munisipale kantoor ingehandig word. As jy hulp met die indiening van jou aansoek benodig, kontak gerus die afdeling finansies by jou naaste munisipale kantoor.

- Let asseblief daarop dat die blote indiening van 'n aansoek nie waarborg dat die aansoek goedgekeur sal word nie.
- Let ook daarop dat die indiening van valse of misleidende inligting vervolging van die aansoeker tot gevolg kan hê.

## Stipulasies per kategorie

### GASTEHUISE EN B.O.'s

Geregistreerde B.O.'s en gaste huise met **drie tot vyf verhuurbare kamers** kan aansoek doen om 'n korting op eiendomsbelasting van tussen **25%** en **75%**, gegrond op die aantal kamers. Indien goedgekeur, sal die korting vir die volle boekjaar geld.

*Neem kennis dat ondernemings met een of twee kamers nie as "sakeondernemings" geag word nie; derhalwe geld die tariewe wat op sakeondernemings betrekking het nie.*

### BONA FIDE-BOERE

Eienaars wie se eiendomme buite die munisipale diensgebied val en tans as "RESO" aangeslaan word, kan aansoek doen om teen die "FARMS"-tarief aangeslaan te word mits hulle onweerlegbaar kan bewys dat die eiendom inderwaarheid vir landboudoeleindes gebruik word. As jou eiendom reeds teen die "FARMS"-tarief aangeslaan word en die primêre gebruik van daardie eiendom nie verander het nie, hoef jy nie weer aansoek te doen nie. Desnieteenstaande, dit bly jou verantwoordelikheid om die munisipaliteit in kennis te stel van enige verandering in grondgebruik.

### AFGETREDE EN GESTREMDE EIENDOMSEIENAARS

Om vir 'n korting te kwalifiseer, moet aansoekers ■ Suid-Afrikaanse burgers wees, ■ slegs een eiendom besit en daardie eiendom moet hulle primêre woonplek wees (tydelike afwesigheid van tot op drie maande is toelaatbaar), ■ minstens 60 jaar oud wees of 'n ongeskiktheidspensioen ontvang, en ■ 'n totale bruto maandelikse huishoudelike inkomste van R18 640 of minder hê.

Bruto maandelikse huishoudelike inkomste sluit alle bronne van inkomste (soos salarisse, pensioene, toelaes, huur- en beleggingsinkomste) in van almal wat normaalweg op die eiendom woon.

**Persentasie van kortings gegrond op maandelikse huishoudelike inkomste:**

- 100%-korting vir inkomste tot op **R4 660**
- 70%-korting vir inkomste tot op **R9 320**
- 40%-korting vir inkomste tot op **R18 640** (aansoekers moet 60+ wees)

❖ In gevalle waar aansoekers wat weens omstandighede buite hulle beheer nie self die eiendom kan bewoon nie, kan 'n eggenoot of minderjarige kinders dalk steeds aan die okkupasievereiste voldoen.

❖ Waar tersaaklik, sal bewys van okkupasie reg, of 'n brief van die meester van die hoogergereshof, as bewys van eienaarskap aanvaar word.